



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 21 Oktober 2012

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 34:1	165	Psalm 19:1 & 2	82
2.	Skrifberyming 9-3:1 & 2		Psalm 66:7	322
3	Psalm 86:3 & 6	432	Psalm 18:1	71
4.	Skrifberyming 1-1:1 & 2			

BYBELSTUDIE GROEPE



SONDAG 21 Oktober 2012

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 24 Oktober 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.

WOENSDAG 24 Oktober 2012

- **18:00-19:00** in die konsistorie naskoolse Jeug.

DIAKONALE BYDRAE

Soos u almal besef is die ekonomie op 'n laagtepunt. Dit noodsaak die diakonie om 'n oproep te doen aan die gemeente vir addisionele bydraes ten opsigte van diens van barmhartigheid. Tans is ons beraamde inkomste per maand R5 200 en die beraamde uitgawes ten opsigte van diens van barmhartigheid binne ons gemeente in die omgewing van R10 300 wat beteken ons sit met 'n tekort van R5 100 per maand. Ons is bevoorreg om geld te hê in ons geldmarkfonds maar word genoodsaak om ons tekorte vir die volgende 3 maande daaruit aan te vul.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 21 Oktober 2012

Nommer 29

VERDAGMAKING

In jou verhouding met mense kan daar verskillende reaksies wees, positief of negatief. Liefde of haat. Vertroue of wantroue. Simpatie of aggressie. In jou verhouding met medemense kan jy eerlik wees of onderduims. Jy kan 'n medemens se naam en saak bevorder of jy kan dit kelder. Een negatiewe faset van intermenslike verhoudinge is om iemand anders met woord en daad te na te kom. Dit neem verskillende vorme aan: blatante leuens, leuenagtige agterdog wek, dubbelsinnige insinuasies, kwaadwillige suspisie. Een vorm wat lewensgroot in die daaglikse lewe teenwoordig is, is *verdagmaking*.

- *Verdagmaking* is om met duiwelse lis verdenking te saai teenoor 'n medemens.
- *Verdagmaking* is om twyfel te saai ten opsigte van die optrede of karakter van 'n medemens.
- *Verdagmaking* is om met kwetsende insinuasies iemand se karakter te beswadder.
- *Verdagmaking* is om met onderduimsheid 'n medemens negatief voor te stel.

Kortom: *Verdagmaking* is om iemand se optrede agterdogtig voor te stel, asof die persoon vir jou net kwaad bedink en aan jou net leed wil aandoen en vir jou net die slegste voorberei.

As hierdie tendens net sigbaar was in die daaglikse lewe kon ons dalk hierdie gesprek hier afgesluit het. Die tragiese is dat dit ook springlewendig is op die terrein van die godsdiens en die kerk. Dit dui op 'n sondige optrede van een gelowige teenoor 'n ander. Dit is baie maklik om iemand se geloofsoptrede of die gebrek aan geloofsoptrede verdag te maak. Dit word sigbaar in die verhouding van gelowiges teenoor mekaar. Dit kan gesien en gehoor word in mense se woorderdele oor gemeentede, of die kerkraad, of die sinode of watter godsdiensoptrede ook al. Hoe is die 2009 Algemene Sinode nie vanjaar al gekritiseer, vir sleg en onbeholpe uitgeskel en met stortvloede van woorde verdag gemaak nie. Hoeveel keer het jy die afgelope jaar mense oor die kerk hoor praat om *verdag* te maak en *twyfel* te saai. Hoeveel mense het jy die afgelope week gehoor wat 'n ander persoon se optrede of persoonlikheid verdag gemaak het? *Verdagmaak* is om iemand se optrede of persoonlikheid *agterdogtig* voor te stel, asof die persoon net kwaad

(Vervolg op bl.6)

**PREKE VANDAG***Ds. Andre de Jager***Oggenddiens Tema: OM GOD TE SIEN IS AFBREKEND, OPBOUEND EN WEGWYSEND**Lees: Jesaja 6Teks: Jesaja 6:5-7

Wanneer ek die Here ontmoet, wanneer ek in Sy teenwoordigheid kom kan ek nie dieselfde bly nie.

Want 'n ontmoeting met die Here is 'n gebeurtenis wat my afbreek en weer opbou om my in 'n nuwe rigting te stuur.

Dit is nie altyd maklik om ander te help nie. As ek minder terug kry as wat ek insit, dan raak dit moeilik om ander te help.

En tog is dit juis wat ons moet verstaan as ons die evangelie wil verstaan. Die moed, die oortuiging, die opoffering, om te waag vir ander. En die rede hoekom ons kan.

**Aanddiens Tema: BEHOU JOU EERSTE LIEFDE**Lees: Openbaring 2:1-8Teks: Openbaring 2:4

Op die oog af sou die gemeente gelyk het na 'n model kerk. In ons tyd sou ons dit kon beskou as 'n model-Gereformeerde kerk. Maar Jesus Christus het nie net na hulle dade gekyk nie, maar ook na hulle hart. En in hulle hart sien Hy iets wat al hulle harde werk, opofferings en deursettingsvermoë ongedaan maak.

Paulus skryf aan Timoteus (1 Tim. 6:4-5) van die verwaande mens wat niks weet nie. "Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings gemene verdagmakery, voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is."

Elke gelowige behoort daagliks hul lewensoptrede, veral hulle lewenswoorde te meet aan die maatstaf van God se Woord. Van nature is jy geneig om die pad van die Satan te volg en dit is die pad van die leuen wat gestalte kry in die sonde van verdagmaking. Die vraag wat jy jouself moet afvra is: Is my vriende en die mense met wie ek daagliks te doen het se naam en se saak veilig in die woorde wat ek praat. Word hulle aansien deur my gesprekke, as hulle nie teenwoordig is nie, gebou of afgebreek.

Een ding is baie seker die woorde wat jy praat word geoordeel volgens God se Woord. Waar jy enigsins van die waarheid afdwaal, of dit skeef voorstel deur te skinder, deur kwaad te praat, deur beswadding, is jy besig met die metodiek van die Satan en het jy, vanweë die leuens waarmee jy omgaan, die Satan as jou vader (Joh. 8:44).

Dr. Nico van der Merwe**55 PLUSERS**

Die afsluitingsfunksie van die 55 Plusers is DV Vrydagaand 26 Oktober 2012 in die kerksaal. Almal bo 55 is hartlik welkom om dit by te woon. As u nog nie voorheen daar was nie, maak 'n plan. Dit sal soos altyd 'n wonderlike geleentheid wees om by te woon.

Tema: Van Rusland - Met liefde!Datum: Vrydag 26 Oktober 2012Plek: Kerksaal, Geref. Kerk Klerksdorp-NoordTyd: 18:30

Skryf asb. u naam op die lys in die portaal of in die konsistorie sodat ons vir u kan voorberei!

Reëlins vir verversings sal telefonies getref word.





6. SIMBAAL 21 Oktober 2012

bedoel, net leed wil aandoen en net van plan is om jou te na te kom. Verdagmaking is om iemand se optrede agterdogtig voor te stel, asof die persoon vir jou net kwaad bedink en aan jou net leed wil aandoen en vir jou net die slegte gereedmaak.

Verdagmaking is Satanswerk!

- Satan het God verdag gemaak by Eva [Gen. 3:1,4,5].
 - Satan het Job verdag gemaak by God [Job 1 & 2].
 - Die Jode het Jesus verdag gemaak by die Romeinse owerheid [Matt. 27].
- Verdagmaking is om *leuens* van 'n ander persoon te vertel. Dit is satanswerk want die Satan is die vader van die leuen [Joh. 8:44]. Wie 'n ander persoon verdagmaak speel in die hande van die Satan. Die "storie" die "feite" van die verdagmakers berus *nooit* op die waarheid nie! Die kern van verdagmakery is altyd leuens. Die strategie van die Fariseërs teenoor Christus was 'n verdagmakingsproses waarin hulle van Christus rondvertel het: "Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondeurs" (Luk. 7:34).
- Mense wat ander mense wil verdagmaak wil daarmee 'n sekere *stemming* wek wat hulle eie twyfelagtige standpunte moet ondersteun.
 - Mense wat ander mense verdagmaak het met die wegspring al nie 'n goeie saak nie, want hulle saak kan nie op 'n goeie, openlike, eerlike manier bevorder word nie.
 - Sodra verdagmakery, onderduimsheid, agterbaksheid, skelmstreke, knoeiery, vuilspel nodig is om jou saak te propageer, *het jy geen eerlike saak nie*.

Vraag wat jy jouself moet afvra is: Is my vriende en die mense met wie ek daagliks te doen het se naam en se saak veilig in die woorde wat ek praat. Word hulle aansien deur my gesprekke, as hulle nie teenwoordig is nie, gebou of afgebreek.

Elke eerlike en opregte standpunt kan met eerlikheid volgens die reëls gedy solank dit die waarheid dien en daarop gemik is om die Naam van die Here tot eer te strek.

Onthou:

- 'n Mens bevorder nie jou eie saak as jou optrede verdagmaking van 'n medemens ten doel het nie.
- 'n Mens laat jou eie saak nie op fundamente staan indien jy beswadding van iemand anders nodig het om jou saak te bevorder nie.
- Jy koester nie vir die koninkryk van God die beste indien jy met sluheid en lis naastiglik probeer om jou eie saak te wil laat wen nie.

- Jy kan as gelowige kind van God nie suksesvol wees as jy iemand is wat die leuen liewer het as die waarheid en dit dan as waarheid probeer verkoop nie.
- Gesonde menseverhoudinge kan nie gebou word as die een mens die ander met leuens wil klop nie.
- Geen ware gelowige behoort skuldig te wees aan verdagmaking nie.

(Vervolg op bl.7)

SIMBAAL 21 Oktober 2012

3.

LIEF EN LEED



- ✘ **Maryke Botha** gaan Dinsdag, 23 Oktober 2012 vir operasie. Mag die Here die hande van dokters en verpleegsters seën en gou aan jou herstel gee. (Wyk 20 ☎ – 084-256-7640).
- ✘ **Oom Jan Viljoen** is toe nie die week in Pretoria geopereer nie aangesien die dokter voel dat dit nie sal help nie. Ons bid hom sterkte toe. (Wyk 25 ☎ – 018-468-8659).
- ✘ **Oom Peet van der Walt** se seun was baie siek nadat sy blindederm gebars het. Ons is saam met oom Peet dankbaar dat hy al weer baie beter is. (Wyk 18 ☎ – 018-468-3461).



SAKE VIR DIE SUSTERS

KOEKSISTERSBAK

Die susters beplan om elke twee maande koeksisters te bak om die kas van die susters aan te vul. Die susters vra asseblief **donasies**: Bestanddele soos olie, suiker of kontant bydraes gemerk: ***Koeksister donasie***.



SUSTERSVERGADERING

Op Woensdag 10 Oktober 2012 het die susters 'n heerlike vergadering by Sophia op die plaas gehad. Almal het die wonderlike sonsondergang, lekker eetgoed en die gesellige kuier terdeë geniet. Heidi van Verdant Garden Centre het 'n praatjie gelewer oor watter plante in hierdie omgewing aard.



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
21 Oktober	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma
28 Oktober	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
04 November	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma
11 November	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 21 Oktober tot Saterdag 27 Oktober 2012

Sondag 21 Oktober	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 21 Oktober	Katkisasie Les 23	10:30-11:15
Sondag 21 Oktober	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag 21 Oktober	Bybelstudie Konsistorie	19:00-20:00
Maandag 22 Oktober	Beplanningskommissie	18:00
Woensdag 24 Oktober	Bybelstudie Konsistorie	10:00-11:00
Woensdag 24 Oktober	Bybelstudie Jeug Naskool	18:00-19:00



TEESKINKBEURTE

Sondag 21 Oktober 2012	Wyk 16 & Wyk 17
Sondag 28 Oktober 2012	Wyk 18 & Wyk 19
Sondag 04 November 2012	Wyk 20 & Wyk 21
Sondag 11 November 2012	Wyk 22 & Wyk 23



VERJAARDAE

21 Oktober 2012 tot 27 Oktober 2012


21 Okt.	Fanie van der Walt	Wyk 08	018-468-8630
21 Okt.	Susan Botha	Wyk 24	018-484-4774
25 Okt.	Theunis Fourie	Wyk 20	018-468-7542
25 Okt.	Delphine Pieters	Wyk 08	018-468-1692
25 Okt.	Jo-Ann Pretorius	Wyk 09	
27 Okt.	Niekie Kruger	Wyk 02	018-468-5184

Aan die lidmate wat hierdie week verjaar die hartlikste gelukwensing van die gemeente. Daarby ook die bede dat die Here julle nuwe lewensjaar ryklik sal seën.



◆ As jy in Jesus glo, sal jy agterkom dat God deur jou magtige strome van seëninge vir ander sal gee.

◆ Ware geloof is harde werk. Dit kos jou duur. Dis dóén in plaas van net sê.



Ware geloof is nie om hemelpastei te eet nie; dit is om kruis te dra. Dis jouself prysgee. Soos Christus gedoen het.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. OJ Struwig van Delmas na Frankfort.
- Ds. JC van Dyk van Ventersdorp na Zeerust.

BEROEPE AANVAAR

- Ds. HB Coetsee van Ontdekkers na George.

BEROEPE BEDANK

- Dr. VE d'Assonville van Marble Hall en Reformatories-Teologiese Seminaar, Hannover, Duitsland na Vryburg.



KERSPROGRAM - 2012

Die **koor** wat tydens die Kersprogram van 2012 optree oefen vanoggend na die erediens in die Gemeentesentrum van Klerksdorp, h/v Smitstraat en Flamwoodrylaan.



BOLANDRIVIERKAMP

8 – 12 Desember 2012

Hierdie jaar doen ons die hele “amazing reis” ding. Waar: Bridgetown Jeugkampsterrein naby Moorreesburg Koste: R430 (alles ingesluit behalwe vervoer)



BORG-'N-BYBEL

Die **borg-'n-Bybel projek** vir 2012 sluit af met die muntlegging DV Sondag 28 Oktober 2012. Elke belydende lidmaat is gevra om in 2012 1 Bybel te borg, koste R56.00. Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het. Volgende Sondag is die laaste geleentheid om 'n bydrae te maak.



GEE-JAAR 2013

'n Jaar van geestelike groei waarin jy toegerus word om die Koninkryk van Christus te help bou deur middel van kommunikasietegnologie. Skakel Suzanne Coetzer

☎ **018-297-3986.**

Navrae op www.kruispad.net

